*Josua 24:15 .....Maar*

*Ek en my huis ,*

*Ons sal die Here dien.*

**Le-Amen Oderwyssentrum**

**Reg no: 252437**

**Sedert 1995**

JAN 2013

Baie welkom by Le-Amen. Ons glo dat dit weereens 'n besondere jaar vir ons almal gaan wees. Vanaf Le-Amen wens ons julle almal 'n voorspoedige en vreugdevolle jaar toe.

Maak seker dat julle al die nodige boeke, werkskema en toetse/eksamens vir elke vak het. Maak ook seker dat julle 'n Le-Amen handleiding het vir die betrokke graad. Tussen die onderwysersgids en die handleiding is daar oorgenoeg riglyne vir elke vak. Ons stel voor dat julle vir elke vak 'n hardeband werkboek aanskaf. Dit maak die instuur van werk om gemonitor te word, soveel makliker. Stuur dus net die 6-7 werkboeke, werskemas, evalueringsvorms en toetse/eksamens in. Hier en daar is 'n leêr nodig, maar beperk waar moontlik.

Alle inligting omtrent datums vir monitorsessies, instuur van boeke, prosedures, ens. is in die Le-amen handleiding. Ons sal dit waardeer indien julle streng by al die vereistes voldoen, aangesien dit dan alle onnodige probleme en misverstande uit die weg ruim.

Geniet julle kinders. Pas hulle mooi op, want voor jy jou oë uitvee, is hulle groot.
("Mama exhorted her children every opportunity to "jump at the sun". We might not land on the sun, but at least we would get off the ground!")

Neem die vrymoedigheid om te skakel indien daar enige onduidelikhede is.

Groete
Le-Amen




P.O Box 1252
Ruimsig
1732
(+27) 011 958-0366
(+27) 011 958-0532
(+27) 011 958-1945 fax
www.le-amen.co.za
info@le-amen.co.za

**Alhoewel die boeke en materiaal wat ons uitgee van hoogstaande gehalte en standaard is, wil ons net weereens beklemtoon dat ons nie noodwendig met alle inhoud saamstem nie. Hier en daar moet ouers asseblief eie diskresie gebruik omtrent onderwerpe soos seksvoorligting, evolusie, ens. Nie alles wat in 'n skoolboek staan is reg nie! Julle is welkom om sekere gedeeltes te ignoreer, vervang of verduidelik. Gelukkig is julle as ouers in beheer van die opvoeding en onderrig en kan julle dus met 'n geruste hart kinders opvoed in die Weg van die HERE.**

